

# *Qua Vadis?*

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 188**

(Augustus 1984)

## **Die Wederkoms voorafgegaan deur: Tekens van die tyd**

\* \* \* \* \*

"Here, wanneer sal hierdie dinge gebeur en wat is die teken van wanneer dit gaan plaasvind?"

(Lukas 21:7)

# Oorloë en gerugte van oorloë . . .

(Matt. 24:6)

Één saak waaroor die Bybel baie duidelik is, en waaroor geen twyfel bestaan nie, is die feit dat ons Here Jesus weer sal kom om alles hier op aarde te kom voleindig,

- om die lewendes en die dooies te oordeel,
- en om Sy gelowiges vir ewig by Hom te neem.

Die Kerk het deur al die eeue heen met vurige verlange uitgesien na Sy koms, en elke dag is 'n dag nader aan die eindoordeel.

En nou het Jesus self gesê dat sy wederkoms deur sekere tekens voorafgegaan word - die tekens van die tye, waarvan ons onder andere lees in Matt. 24.

En die eerste van die reeks voortekens wat in hierdie profetiese hoofstuk uit die Bybel beskryf word, is "die rumoer van oorloë en gerugte van oorloë".

Oorloë is geen onbekende saak in die geskiedenis van die wêreld nie. Reeds vandat Kain vir Abel doodgeslaan het, het 'n gees van vyandigheid en oorlog ontstaan, wat deur die eeue 'n boodskap van lyding en dood en ellende met bloedige letters uitgespel het.

Maar die uitspraak van Jesus hier in Matt. 24 beteken dat die toekoms nog veel meer oorloë sal bring, oorloë wat vanweë hulle wreedheid alle voriges sal oortref. Die een oorlog sal nog nie verby wees nie, dan is daar alweer gerugte van ander wat aan die kom is. Die eindtyd word gekenmerk deur 'n oorheersende gees van oorlogsugtigheid.

En gerugte van oorloë beteken nie net dat ons daarvan sal hoor nie, maar ook dat oorlog verkondig sal word, dat mense en volkere aangehits en opgesteek sal word tot dade van haat en nyd en bloeddorstigheid en wraaksug!

Daar sal oorloë gevoer word onder allerlei valse en bedekte motiewe — en die oorsprong daarvan is die onvrede en die onrus van die nie-wedergebore hart voor God.

Die vredesverdrae en vredespogings van die ongelowige wêreld is alleen maar tydelike mure teen die stroom van ongeregtheid en onverdraagsaamheid van bose menseharte waaruit telkens weer 'n nuwe vloed van verwoesting sal losbreek!

Die vrede van die sondige wêreld is slegs tydelik, dit is alleen skyn-vrede, want dit berus op onreg en geweld. Daar is maar net een ware vrede — die vrede met God — wat berus op die geregtigheid van Jesus Christus. Die vrede wat Hy aan ons geskenk het en wat die vrug is van die wedergebore hart, dit is die enigste, ewige vrede!

En waar ons die tekens van die tye vandag in toenemende mate in vervulling sien gaan, die

"gerugte van oorloë en oorloë self", word ons geroep om te waak en te bid, om ons te beywer vir vrede met God en om 'n heilige oorlog te voer teen alle kwaad en ongeregtigheid,

— sodat ons uiteindelik kan deel in die ewige, blywende, salige vrede met God in die ewige heerlijkheid,

— die vrede wat ". . . geen oog gesien, en geen oor gehoor en wat in die hart van geen mens opgekom het nie."

***Ds. Pieter van der Walt.***

# . . . En daar sal hongersnode wees

(Matt. 24:7)

Wat 'n verskriklike ding is hongersnood nie! Mens en dier sterf van honger

- geen kos, geen water, geen lewe nie. As jy nie self die ellende en hartseer van so 'n noodtoestand aan jou lyf gevoel het nie, sal jy nooit die volle omvang daarvan kan peil nie.

## Daar was hongersnode

Daar sal hongersnode wees. Maar daar was al hongersnode vanaf die vroegste tye.

- Abraham moes uit Kanaän na Egipte trek weens hongersnood (Gen. 12:10).
- Ook Isak moes na die Filistyne trek deur so 'n ramp (Gen. 26:1).
- So het Jakob en sy kinders na Egipte gegaan omdat die hongersnood deur 'n droogte van sewe jaar gekom het (Gen. 47:13).
- Na 'n droogte van drie en 'n half jaar het die Here dat die kraaie vir Elia kos aanbring (1 Kon. 17:1 e.v.).

En vandag hoor ons hoe die massas van Afrika en Oosterse lande van honger omkom.

Daar word selfs vooruit geskat dat soveel miljoen mense oor die wêreld gaan sterf weens 'n gebrek aan kos.

Op dieselfde aardbol, dikwels in dieselfde dorp, leef die een in oorvloed en in weelde, terwyl sy buurman besig is om van honger om te kom.

## Oorsake van hongersnood

Die mens se eie hebsug, sy drang daarna om al meer en meer te besit, het die wanbalans in die verspreiding van aardse besittings tot gevolg. Dit mag iemand se eie skuld wees dat hy honger ly. 2 Tes. 3:10 lui: "As iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie". Uit 1 Kon. 17 weet ons dat die Here die sluise van die hemel gesluit het. En eers toe die volk hulle weer tot die Here bekeer het, het Hy reën laat val. Die Here het sy volk dus swaar getugtig met die hongersnood in die tyd van Elia.

## Daar sal hongersnode wees

Die laaste dae wat die wederkoms van die Here voorafgaan, sal geteister word deur hierdie ramp.

Openbaring 6:8 beskryf vir ons die ontsaglike gevolge van die vaal perd: "Sy ruiter se naam was die dood, en die doderyk het agter hom aangegaan. Aan hulle is mag oor 'n kwart van die aarde gegee om die mense dood te maak met die swaard en met hongersnood ..."

Onnoembare ellende gaan die groot vreugde van Christus se wederkoms vooraf.

Elke hongersnood is 'n profesie en hou die heerlike belofte in wat vir ons sê: Christus is aan die kom.

Elke hongersnood vertel vandag aan ons van die nuwe Jerusalem wat sal kom waar daar geen trane en pyn en smart en leed meer sa! wees nie.

Maar tot dan het ons die wesenlike troos van die saligsprekinge in Matt. 5:6: "Geseënd is dié wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versadig word."

Op die nuwe aarde sal daar geen hongersnood meer wees nie,

Openbaring 21:6 beskryf: "Aan elkeen wat dors het, sal Ek te drinke gee uit die fontein met die water van die lewe. . . verniet."

**Ds. A. H. Grové.**

# Pessiektes en epidemies

Nog 'n teken van die eindtyd wat Jesus voorhou, is pessiektes. 'n Meer moderne woord is epidemies. (Matt. 24:7 en Luk. 21:11.)

Wie ken nie siektes nie?

Wie het nog nie aan sy eie liggaam siekte gevoel vreet of aftakeling beleef nie?

Wie het nog nie gestaan by die sterfbed van 'n lydende wat stadig maar seker deur siekte verteer word nie?

Siekte is aan ons bekend. *Inteendeel*, elke mens vrees siekte!

-- dis deel van ons menswees

-- dis die gevolg van sonde.

Iemand het eendag gesê: Soos die sappe in 'n boom uitbot in botsels en later vrugte dra . . . so word die sonde-sappe in ons liggaam sigbaar in die siektebotsels wat later vrug dra, naamlik ... die *dood*. En nou sê Jesus: In die eindtyd gaan daar nie net siektes wees nie, maar . . . pessiektes . . . epidemies! Dit is die uitbarsting van die wreedste vorme van siekte.

Oorloë (dis ook 'n teken) jaag en verdryf mense en volke uitmekaar en daardeur word peste bewerk en versprei.

Ook hongersnood (nog 'n teken) verswak en verteer miljoene mense en maak die menslike liggaam vatbaar vir die mees gevreesde en verwoestende siekte ... die *pes*!

Maar weet jy, geagte leser, die gelowige kyk verby hierdie siekte en peste en epidemies en sien SY HEILAND raak.

En hierdie HEILAND is Jesus Christus. Heiland beteken tog "*Heelmeester*". Die gelowige sien Jesus Christus raak, Hy wat gekom het

- om te heel
- om te genees
- om gesond te maak

Hy red en verlos . . . siel en liggaam.

En wie in Hom glo sal eendag in die ewige lewe volkome en volmaakte gesondheid ervaar waar géén siekte of epidemies of peste sal wees nie, maar slegs vreugde, gesondheid en lewe!

Glo jy ook?

**Ds. Nico Ligthelm.**

# Aardbewings op baie plekke

Alles verander,

Dag na dag vind daar veranderings plaas. Die mensdom is besig om te verander.

Die mense tree anders teenoor mekaar op as 'n paar jaar gelede. Selfs die woonplek van die mens verander.

Die aarde begin anders lyk.

Woestyne word groter.

Die vaste reëlmaat verander.

Droogtes maak die aarde kaal, oorstromings omvorm en vervorm die hele voorkoms van die aarde.

Besoedeling deur die mens self veroorsaak, begin die mens en sy eie woonplek bedreig.

Waarom? Waarom? Waarom??

## **Die einde van die tye nader**

Dit is die tekens van die tye dat die koms van die Here Jesus naby is. (Matt. 24:3.)

Wat met die aarde aan die gang is - dit weet ons nie. Maar God weet, want Hy ken die geskiedenis van die aarde.

Hy het dan in die begin die aarde gemaak. (Gen. 1:1.)

En die aarde was goed nadat God dit geskep het. Maar deur die sondeval van die mens, het die aarde ook onderworpe geraak aan die vloek van die sonde.

Die aarde is vervloek om die mens ontwil.

"Die skepping is immers nog aan verydeling onderworpe nie uit eie keuse nie, maar omdat God dit daaraan onderwerp het. Daarby het Hy die belofte van hoop gegee." (Rom. 8:20.)

Die aarde maak daarom die sondigheid van die mens deur — maar nie gewillig nie. Die aarde bring dorings voort. Die aarde word kaal. Die aarde word onvrugbaar. Die aarde begin bewe, net soos 'n ou mens.

. . . 'n mens wat aan die nietigheid deel het en wie se lewe op die aarde verbygaan.

En die oorsake van die aardbewings sal ons nie weet nie, maar die gevolge is baie duidelik.

Soos die geweld hier op die aarde toeneem en die wêreldjie van die mens begin wankel en skud en bewe, begin die aarde ook in sy woede uitbars. Die profeet Jesaja sê al in hoofstuk



24:1 en verder, "Die Here gaan die aarde verwoes, vernietig, sy voorkoms verander en sy inwoners verstrooi."

Die apostel Paulus sê mos dat die aarde met verlange uitsien na die openbaarmaking van die kinders van God.

Dit is asof God die aarde gebruik om die mens tot besinning te bring.

Die mens lewe op aarde asof

- dit ewig sal voortgaan
- daar geen God is nie
- die Here Jesus nooit weer sal kom nie.

Nou span God die geweldige kragte van die aarde in om dit vir die mens só moeilik te maak dat hy na God sal kyk, van homself sal wegkyk en sal begin bid .....kom Here Jesus!

**Ds. Andries H. Mulder.**

### **Matteus 24:4-8**

*<sup>4</sup>Jesus antwoord hulle: "Pas op dat niemand julle mislei nie. <sup>5</sup>Baie sal onder my Naam kom en sê: 'Ek is die Christus', en hulle sal baie mense mislei. <sup>6</sup>Julle sal die rumoer van oorloë en gerugte van oorloë hoor. Pas op moenie verskrik word nie. Dit moet kom, maar dit is nog nie die einde nie. <sup>7</sup>Die een nasie sal teen die ander te staan kom en die een koninkryk teen die ander; daar sal op baie plekke hongersnode en aardbewings wees. <sup>8</sup>Al hierdie dinge is geboortepyne van die nuwe tyd".*